

GRAAD 1-OPLEIDINGSRIGLYNE – SESSIE 1

VERWELKOMING EN REGISTRASIE

Verwelkom die tutors en bedank hulle vir hulle teenwoordigheid.

- Stel jouself bekend en vertel 'n bietjie van jou agtergrond.
- Vra die tutors om hulself bekend te stel en te vertel hoekom hulle besluit het om 'n tutor te wees.
- Wys vir die tutors die registrasievorm en stuur dit om sodat hulle hul besonderhede kan invul. Vra hulle om hulle name op 'n etiket te skryf.
- Deel die tutorpakke uit.

Kontrolelys vir tutor-opleidingsessies

- opleidingsaantekeninge
- DVD-speler OF projektor
- opleidings-DVD
- afskrifte van tutoorooreenkoms
- tutorpak om uit te stal
- stelle leesboeke en opeenvolgende stories
- register
- programplakkate
- 'n tutorpak vir elke tutor
- skêre vir die groep
- skoon A4-papier
- potlode
- afskrifte van die klein boekies
- verversings
- 'n letterhouer


BEKENDSTELLING AAN DIE RSRW-PROGRAM (20 minute)

Die tutors behoort reeds 'n inligtingsessie bygewoon het waar hulle die 'Intro to the ELP' gekry het.

Wys die DVD: RSRW in focus (begin – einde)

Verduidelik vir die tutors voordat jy die DVD wys dat hulle eers 'n oorsig van die program sal sien, waarna elke stap in meer besonderhede verduidelik word.

Hou die plakkaat met die vier stappe in die lug en vra die tutors op na bl. 8 in hulle handleidings te blaai, waar hulle die vier stappe sal vind. Beklemtoon die belangrikheid van die vier stappe van die program.



Hou 'n gesprek met die tutors nadat jy die uittreksel gewys het oor hoe belangrik dit is om taal mondelings bekend te stel voordat 'n mens kinders vra om te lees en skryf.

- Judy het die kinders betrek deur hulle die taal te laat vertolk wat in die boek was, bv. 'round and round' en 'in' en 'out'.
- Sy het vir hulle die woorde gegee wat hulle benodig deur oor die prente in die boek te praat, bv. 'see-saw' in plaas van 'up, down' .

Vra hierdie vrae:

- Sou die kinders goeie sinne kon skryf as hulle nie eers ryk taal ontvang het nie? Hoe het die prentewandeling die meisies met hulle lees gehelp?
- Sou die les gewerk het as die opeenvolging van stappe anders was, bv. skryf voor praat?

ONS BENADERING TOT DIE HANTERING VAN KINDERS (20 minute)

Kontrolelys:

- RSRW-handleiding
- plakkaat met positiewe frases

Verduidelik vir die tutors voordat jy die uittreksel wys dat die opleiding hulle met kennis en vaardighede sal toerus om jong kinders te help om te leer lees. Die manier waarop hulle met die kinders werk, sal egter die sleutel tot die sukses van die program wees. Jong kinders leer die beste wanneer hulle pret het. Ons moet seker maak dat kinders vriendelik en met respek behandel en dat ons waarde heg aan wat hulle na die lesse bring.

Verduidelik dat die proses waarvolgens jong kinders leer lees en skryf soortgelyk is aan hoe babas leer loop – hulle begin deur te kruip en begin dan teen voorwerpe opstaan en daaraan vashou. Hulle hou aan volwassenes se vingers vas totdat hulle uiteindelik een hand laat gaan en stadig alleen loop. Ons rol as volwassenes is om elke stap te ondersteun en kinders te prys en te ondersteun.

Ons vergeet dit soms wanneer kinders leer lees en skryf. Ons raak soms vies vir kinders as hulle foute maak, of ons is ongeduldig as hulle nie vinnig genoeg leer lees en skryf nie. Herinner die tutors dat wanneer hulle iets nuuts leer, hulle dit nie altyd die eerste keer regkry nie – die probeerslag is belangriker as om dit reg te kry. Net soos ons in die DVD-uitreksel gesien het, moet ons seker maak dat ons kinders geleidelik na die volgende ontwikkelingsvlak lei.

Vra die tutors om na bl. 2 in hulle handleidings te kyk, waar hulle voorbeelde van positiewe frases sal vind. Wys vir hulle die plakkaat met positiewe frases.

Wys die DVD: Training Part 1 (begin – 9:24)

Vra die tutors die volgende vrae nadat jy die uittreksel gewys het:

- Hoe het julle gevoel toe julle na die uittreksels van die tutors gekyk het? Hoekom?
- Hoekom dink julle is die kinders so ontspanne?
- Hoe kan ons 'n ruimte skep wat kinders sal aanmoedig om te leer en te probeer?

BEKENDSTELLING AAN ENKELE BELANGRIKE TERME

Aktiwiteit

Skryf die volgende terme op die bord en bespreek elkeen se betekenis met die tutors. Kennis van die terminologie sal die tutors handig te pas kom en hulle help om die proses waarvolgens kinders leer lees en skryf, te verstaan:

Letters, bv. b, m, s

KVK-woorde, bv. bad, mop, son

Hoëfrekwensie-woorde, bv. sê, kom, die

Mengwoorde, bv. vlag, tent, stamp

Letters: Aan die begin van Graad 1 moet kinders die klank (nie die naam nie) leer wat elke letter maak. Hulle moet die individuele klanke in woorde kan hoor en elke klank by die regte lettervorm kan pas.

KVK-woorde: Wanneer kinders ongeveer 10 tot 12 letters ken (insluitende die vokale), kan hulle hierdie letters begin saamvoeg om eenvoudige drieletter-woorde te vorm. Ons noem dit KVK-woorde (konsonant-vokaal-konsonant), bv. kat, bad, lip, ens.

Hoëfrekwensie-woorde: Daar is talle woorde in kinders se leesboeke wat nie geklank kan word nie, maar wat gereeld in maklike leesboeke voorkom. Ons noem dit hoëfrekwensie-woorde.

Mengwoorde: Teen die einde van Graad 1, wanneer kinders KVK-woorde met selfvertroue kan gebruik, kan hulle aan mengwoorde bekendgestel word. Dit is vier- of vyfletter-woorde wat geklank kan word, maar wat langer as KVK-woorde is en twee konsonante aan die begin of einde (of albei) van die woord het, bv. vlag, tent, stamp.

FORMAAT VAN DIE READY STEADY READ WRITE-LES

STAP 1: PRAAT EN DOEN (20 minute)

Wys die DVD: Training Part 1 vervolg (9:24 – 13:17)

Wys vir die tutors 'n paar voorbeelde van die leesboeke nadat jy hierdie uittreksel gewys het. Wys hulle op die gekleurde plakker op die rug van die boek en gesels oor die drie moeilikheidsvlakke wat vir die leesboeke gebruik word. Bespreek hoe party van die stories hulle verleen tot die gebruik van rekwisiete. Deel 'n paar boeke van elke moeilikheidsvlak uit sodat die tutors die verskille in die inhoud daarvan kan sien.

Aktiwiteit

Demonstreer met jou boeke en rekwisiete hoe om rekwisiete te gebruik. Vra die tutors dan om 'n boek op die PIENK vlak te kies en voor te gee dat hulle hierdie boek met 'n kind gebruik. Hulle moet in pare met 'n ander tutor werk en bl. 10 van die handleiding as 'n gids gebruik.

Hulle moet:

- deur die boek blaai om vertrouwd te raak met die teks en die prente.
- dink aan hoe hulle 'n 'doen'-aktiwiteit met die boek kan skep – of hulle rekwisiete kan bring, watter aksies hulle sal uitvoer, ens.
- beurte neem om die 'tutor' te wees en die 'kind' op 'n prentewandeling deur die boek te neem.

Gee die tutors ná die rolspel tyd om oor die ervaring te gesels. Hulle moet hulle boeke vir latere aktiwiteit hou.

Kontrolelys:

- leesboeke
- jou boeke
- jou rekwisiete

TEE (20 minute)

Ná teetyd moet die tutors hulle pienk hoëfrekwensie-woordkaarte (vlak 1) uitknip. Hulle moet die hele stel uitknip, 'n rekkie daarom sit en dit in die pak plaas wat Hoëfrekwensie-woorde gemerk is.

STAP 2: LEES (25 minute)

Wys die DVD: Training Part 1 vervolg (13:17 – 16:29)

Vra die tutors om na bl. 12 van die handleiding te kyk. Vra iemand om die wenke om kinders te help lees hardop te lees.

Aktiwiteit

Lees die boek

Vra die tutors om dieselfde boek te gebruik as vir die 'praat'-rolspel en die boek met die persoon langs hulle te lees. Elkeen kry 'n beurt om die tutor of die kind te wees.

Die gebruik van hoëfrekwensie-woorde

Vra die tutors om deur die boek te blaai, hoëfrekwensie-woorde te identifiseer en twee van hierdie woorde in die pak pienk woorde wat hulle uitgeknipt het, te vind. Hulle moet na bl. 13 van hulle handleiding verwys en rolspel hoe om die woorde met 'n kind te gebruik:

- Kyk na die beginklank van die hoëfrekwensie-woord.
- Kyk na die vorm van die hoëfrekwensie-woord.
- Pas die hoëfrekwensie-woord by 'n woord in die boek.
- Skryf die hoëfrekwensie-woord op die tafel met hulle vinger.
- Lees die hoëfrekwensie-woord – met hulp, indien nodig.

Kontrolelys:

- leesboek
- twee hoëfrekwensie-woorde

STAP 3: SKRYF (25 minute)

Wys die DVD: Training Part 1 (16:30 – einde)

Demonstreer die skryf van 'n sin uit die boek wat jy vir 'praat' en 'lees' gebruik het nadat jy hierdie uittreksel gewys het. Gebruik die plakkaat en demonstreer die stappe om te dink, tel, lyne te teken en te skryf. Die sin wat jy skryf, moet voorgeespeeling insluit, sodat jy maniere kan bespreek om kinders se skryfwerk te korrigeer. Jy kan ook 'n tekening maak!

Vra die tutors om na bl. 15 van hulle handleidings te kyk.

Vra iemand om die wenke om kinders te help skryf hardop te lees.



Kontrolelys:

- skoon papier
- potlode

Aktiwiteit

Deel vir elke persoon 'n stuk skoon papier en 'n potlood uit en vra die tutors om handleidings op bl. 14 oop te maak en die instruksies vir skryf en teken te volg. Vra die tutors om dieselfde boek te gebruik as wat hulle vir die 'praat'- en 'lees'-rolspel gebruik het.

- Een persoon vertolk die rol van die tutor en help die 'kind' om iets in die boek te kies om te teken en dan aan iets te dink wat hy/sy oor die tekening kan sê. Herinner die tutors om woorde met die 'kinders' te klap.
- Die 'tutor' moedig dan die 'kind' aan om te probeer skryf. Hulle kan die skryfproses deel as die 'kind' sukkel. Die 'kinders' moet met hulle nie-dominante hand skryf.
- Die 'tutor' moedig die 'kind' aan om die sin te 'lees' nadat hy/sy dit geskryf het. Daar sal heelwat gegiggel en prettige interaksie wees!

Moedig die tutors aan om hulle ervarings en gevoelens oor die skryftaak te deel. Vra of hulle enige vrae of kommentaar oor die opleiding het.

Einde van Sessie 1. Bedank die tutors vir hulle bywoning en herinner hulle aan die tye vir Sessie 2.

GRAAD 1-OPLEIDINGSRIGLYNE – SESSIE 2

VERWELKOMING

- Verwelkom die tutors en bedank hulle vir hulle teenwoordigheid.
- Gaan deur die plan vir hierdie sessie.
 - Opeenvolgende stories
 - Maak klein boekies
 - Berei die tutorpak voor
 - Speel die speletjies
 - Vrae en praktiese reëlins om aan die gang te kom



GEBRUIK OPEENVOLGENDE STORIES IN PLAAS VAN BOEKE

Verduidelik vir die tutors dat 'n opeenvolgende storie in plaas van 'n boek in 'n les gebruik kan word.

Kontrolelys:

- RSRW-handleiding
- stelle opeenvolgende stories

Aktiwiteit

Demonstreer met 'n opeenvolgende storiepak vir die tutors die volgende stappe:

- Gebruik net die prente om oor elke prent individueel te praat en plaas dit in 'n lukrake volgorde op die tafel.
- Vra die tutors om jou te help om die prente in die regte volgorde te plaas.
- Vra hulle om die storie weer te vertel.
- Skommel die sinne en vra die tutors om elkeen te lees en dit by die regte prente te pas.
- Die skryf en teken word op dieselfde manier as met 'n boek gedoen

Vra die tutors om kleingroepe te vorm en na bl. 16–19 in hulle handleiding te blaai. Dit is belangrik dat hulle begin om die handleiding as 'n gids te gebruik.

Deel 'n opeenvolgende storiepak vir elke groep uit en verduidelik vir hulle dat hulle rolspel gaan doen deur opeenvolgende prente te gebruik, met een persoon as die tutor en die ander een as die kind.

Stap rond en help die groepe met die aktiwiteit. Maak seker dat hulle die prente van links na regs pak en dat hulle die praat en opeenvolging doen voordat hulle die sinne pas.

MAAK KLEIN BOEKIES

Demonstreer: Hoe om 'n klein boekie te maak

Verduidelik dat Wordworks 'n stel klein boekies ontwikkel het wat in die plek van leesboeke gebruik kan word. Hierdie boeke kan deur die tutors of deur die kinders gemaak word. Dit kan huis toe gevat word en die kinders kan dit vir hulle ouers lees. Klein boekies kan ook met 'n skoon vel papier gemaak word. Wys vir die tutors 'n paar voorbeelde wat jy gemaak het en wys hulle dan hoe om hulle eie klein boekie te maak (bl. 7 in die handleiding).

Aktiwiteit

Maak voor die sessie reeds seker dat jy self weet hoe om die klein boekies te maak!

- Deel vir elke tutor 'n afskrif van 'n klein boekie en 'n skêr uit.
- Demonstreer stap vir stap hoe om die boekie te maak.
- Die tutors kan na die instruksies in hulle handleiding verwys (bl. 7).
- Die tutors hou die skêr vir die volgende aktiwiteit.

Kontrolelys:

- afskrifte van klein boekies
- skêr
- 'n gevoude voorbeeldboek

BEREI DIE TUTORPAK VOOR

Demonstreer: Hoe om die speletjies voor te berei

Gaan deur elke item in die tutorpak. Vra die tutors om die inhoud van hulle pakke uit te haal terwyl jy vir hulle verduidelik waarvoor elke item gebruik word.

Aktiwiteit

Vra die tutors om die Letter-prentkaart 1 te vind. Verduidelik wat hulle moet doen:

- Knip eers teen die rand af en knip dan elke letter en ooreenstemmende prente in stroke.
- Knip die stroke uit en sit 'n rekkie om elke hoop met 'n letter en die ooreenstemmende prente bymekaar.
- Sit hierdie hopies in die plastiëksakke wat 'Letter-prentkaarte' gemerk is.
- Sny een kaart van die KVK-woorde en mengwoorde uit om in die speletjies te gebruik (die res kan by die huis uitgeknipt word).

Hulle is nou gereed om die speletjies te speel!

SPEEL DIE SPELETJIES

Die materiale wat benodig word om die meeste van hierdie speletjies te speel, is in die tutorpakke. Daar is 'n paar gedeelde speletjies in die koördineerder-lêer wat maklik in 'n kas gebêre kan word. Hierdie speletjies moet deur die tutors gedeel word, bv. bingo en die onthouspeletjie.

Jy moet hierdie speletjies eers self speel voordat jy die tutors daarin kan oplei, want die tutors sal jou hulp benodig terwyl hulle speel. Die DVD volg die handleiding en demonstreer hoe om elke speletjie te speel. Maak seker dat die tutors se handleidings oop op hulle tafels lê.

Wys die DVD: Training Part 2 (begin – 6.23)

Wys vir die tutors 'n letterhouer. Vertel vir hulle dat daar 'n letter op die deksel is sodat die kinders die vorm van die letter kan voel en kan sien hoe dit lyk. Wys vir hulle die inhoud en verduidelik dat hulle voorwerpe in die letterhouers kan plaas wanneer hulle dit vind. Hulle kan die kinders ook aanmoedig om dit te doen.

Wys die DVD: Training Part 2 (6.23 - einde)

Stop die DVD ná elke speletjie en laat die tutors die materiale vind wat hulle benodig, pare vorm en die speletjies speel. Stap rond terwyl hulle speel om hulp aan te bied.

Aantekeninge:

Renmotor-speletjie, dobbelsteen-speletjie, onthouspeletjie en bingo: Hierdie speletjies kan op 'n soortgelyke manier gespeel word deur verskillende kaarte te gebruik (letterprentkaarte, hoëfrekwensie-kaarte, KVK-kaarte en mengwoord-kaarte) na gelang van die vlak waarop die kinders is.

Vind die prent: Daar is agt 'Vind die prent'-speletjies – twee vir letters, twee vir KVK-woorde, twee vir mengwoorde en twee vir meerlettergrepige woorde.

Vokaal-speletjie: Maak seker dat die kinders 'n paar konsonante ken voordat hulle aan vokale bekendgestel word.

Onthouspeletjie: Vra die kinders om hulle kaarte om te draai sodat almal dit kan sien en dit dan op dieselfde plek op die tafel neer te sit. Dit sal almal 'n kans gee om die posisie van die kaarte te memoriseer.



VRAE EN PRAKTIESE REËLINGS OM AAN DIE GANG TE KOM

Kinderbeskerming: Die tutors is die skool/organisasie se verantwoordelikheid en ten einde die kinders se veiligheid te verseker:

- werk die tutors altyd as 'n span (paar tutors werk tegelykertyd saam).
- moet elke tutor die tutorooreenkoms onderteken. Bespreek hierdie ooreenkoms en deel 'n afskrif vir elke tutor uit om in te vul en te onderteken.
- beveel ons aan dat die tutors vorm 30 voltooi sodat dit na die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gestuur kan word om te verseker dat hulle name nie op die Nasionale Kinderbeskermingsregister is nie.

Ruim tyd in vir vrae of kommentaar oor die opleiding. Bespreek praktiese reëlins om aan die gang te kom, bv. dag en tyd.

- Lig die tutors van Wordworks se Facebook-blad in: www.facebook.com/wordworksSA
- Gee vir hulle die adres van die webtuiste en vertel hulle van die gratis aanlyn hulpbronne (www.wordworks.org.za)

BEDANKING EN AFSKEID

Bedank almal vir bywoning van die opleiding en die tyd wat hulle afstaan om 'n tutor te wees.